

DOKUMENT VAN GETHANIBN  
COMMUNITY ACTION GROUP

National Archives  
of Namibia

vir die GRONDHERVERVORMINGSKONFERENSIE.

Sy Edele: Dr. Sam Nujoma: Rep. van Namibia

Eerste Minister: Hage Geingob en a. 1<sup>o</sup> hoogwaardigheidbekleers  
van die Namibiese regering.

Ter Inleiding: Ons is van harte dankbaar dat die son van hier-  
die brandende vraagstuk naamlik grond ook vir ons, die nog grond-  
lose burgers (die meerderheid) aangebreek het. Ons hoop dat  
hierdie vraagstuk iets sal beteken vir die "man op straat".

Met hierdie hopende oë, wat graag wil sien wat demokrasie, die  
fondament van gelykheid sal wees, wil ons die volgende opmerk-  
ings doen.

Kommunale grond: Volgens die stelsel wat nog huidiglik in  
werkking is, word die kommunale gebied bewoon in die !AMA-distrik  
deur 7 tot 12 swart huisgesinne op een area met ( $\pm$  15 000 -  
17 000 hek). Terwyl alreeds soveel mense woon, word daagliks  
plaaswerkers in die paal gestuur wat geen anderheidskom  
nie in die reeds oorbewoonde kommunale gebiede in ons distrik. Met  
die gevolg vind plaas in die gebied.

1. Oorbeweiding en vertrepping van die grond en die grond is  
byna besig om in woestyn te ontaard.
2. Water raak skaars, want die vee getalle wissel van  $\pm$  30 -  
1 500 van plek tot plek in ons gebied.
3. Familie twiste ontstaan later vir die weivelde.
4. Geen vooruitgang vir boere met ywer en inisiatief.

Dorpsgronde: Daar is huidiglik 32 000 hektaar wat verhuur word,  
ongelukkig weens finansiële tekort kan die swartmense nie die paal  
klim om hierdie gronde te bekom. Bestyds is die swartmense  
uitgesit uit hierdie kamps.

Kommersiële grond: Die grond in ons distrik behoort nie meeste aan die wit gemeenskap van binne en buite. Dit beteken dat die meeste !KMA-volk grond behoort aan die wittes wat van hulle beroof is. Daar is ± 99 plese in dié gebied (~~aangetog~~) behoort aan die boere veral aan die wittes. By hierdie plese is ± 15 plese by, wat aan buite lanners behoort. Die wit boere was deur die destydse regering gehelp met subsidies op hoog tarief. Daar is boere (wit) met meer as een plaas, terwyl die swartman vir mekaar vertrap in die kommunale gebied.

#### Voorstelle ten opsigte van grondverdeling.

##### 1. Grootboer: (Kommunale area) 600 en meer.

Die regering moet n sagte leningskema uitwerk waardeur hierdie boere gehelp kan word om buite die kommunale gebied, plese te bekom op n lae rente. Dit is noodsaaklik dat hierdie manne en vroue meer motiveer word deur kursuse, bystane van landboubeamptes om meer produktief vir die ekonomiese van die land te wees.

##### 2. Meer as een plaas: Uns stem volkome saam met die feit dat ons grondwet demokraties is, maar aan die anderkant dink ons dat dit ondemokraties sal wees dat meerderheid sonder grond sal kan wees. Ongelyke grondbesit en nie het kan nie met demokrasie beskerm word nie. Uns mening is dat alleenlik met gelijke grondbesit oie nasionale versoeniging in sy geheel geïmplementeer kan word. "Let the children reconcile with their mother the earth" (land). Uns stel voor dat die plese teruggeen moet word of daar moet n swaar belasting geplaas word op hierdie mede Namibiane. Een vrou/man, een plaas stelsel moet implementeer word.

##### 3. Middelboer: (300 en meer)

Verdeel die Odendaal gebied in boerdery eenhede. Intensiever die landboubystand en betrek die NGU's, sosiale organisasies en orienterings kursusse.

##### 4. Beginnerboer: (200 en minder)

Die grond wat vroeër voor die intrede van Odendaal plan bekend was as die reservate kan gebruik word om die beginner ruimte te bied. Die getal vee (bos, skaap en bens) wat op so'n eenheid

aangehou kan word, moet bepaal word. Hierdie vroue en manne moet bygestaan word en baie intensief om hulle die leef te laat haal deur die NGO, regering en landboubeamptes.

#### 5. Pensioen trekkers en die Alg. werkloosess:

Pensioen toelaes moet verhoog word via deur die oues van dae kan maak. Vir die werkloos moet daar leningsskemas ontwerp word waardeur hulle plotte kan kry, vir u naanle, en projekte aanpaki

#### 6. Plaaswerkers:

Die geskiedenis het in baie kere duidelik gemaak, dat die eerste plaaseienaars voor koloniale tydperk, nou plaaswerkers geword het.

- 6.1 Stel voor dat hierdie soort van gebeurtenisse ondersoek moet word.
- 6.2 Uns stel voor dat die plaaswerkers toegelaat moet word om diere aan te huu of as uit nie die geval is nie dan moet hulle leefbare salaris kry om later vir hom/haar grond te kry.

#### 7. Grondtoekenning:

Hierdie aspek moet hanteer word deur die tradisionele rade in samewerking met ander gemeenskapsorganisasies en landboubeamptes.

Slotopmerkings: Ten slotte wil ons nuem dat hierdie aspek van grondherverdeling met erns en oë van geregtigheid hanteer moet word. "Let the children of Namibia reconcile with their mother, the Namibian ground" (Please-aangelyk sees-gelyk aan Minister Hausiku.)

Ons dank u

Bethaniën Gemeenskap Aksie Groep. Committee

Rev: Mr. Johannes Winstaan

Rev: Mr. Dean L. Du Toit

Mr. Abraham //Kheibeb (Secr)

Mr. Levie Boois

Mr. Johannes Boois (Spokesper)

Mr. Ukey Jimmy

Mr. Hendrik Motzinga

Mr. Isak Boois

Mr. Vlaes (Aus)

Mr. E. Apollus (Aus)

*41....*

Please besit deur Buitelanders.

1. Groenboom
2. Paddaput
3. Henrich
4. Witputs Noord
5. Anib
6. Grens
7. Ardendal
8. Glimlag
9. Arasab
10. #Urub
11. Plato

<sup>Eerste</sup>  
Agbare Minister, Hoogwaardigheidsbekteer, Sy Eidele President

As !Ama-volk wil ons die volgende onder die aandag van ons agbare Eerste Minister bring. Vir jare het ons gebukkend gegaan onder die yk van slawerny, deurdat ons gronde van ons ontnem is. Sou ons terug gaan na die geskiedenis van ons geliefde land Namibië, sal u sien wat ons bedoel.

Gedurende die eerste Wêreldoorlog 1914-1919 en in terme van die Vredesverdrag van Versailles (Artikel 119) het n verslane Duitsland Suid-Afrika afgegee. Suid-Afrika is dan deur die eertydse Volkebond gevra om as mandaanthouer op te tree, om dan die mense van hierdie land te lei na selfstandigheid. Suid-Afrika het nooit by hierdie bepalings gehly nie, en in 1920 het Suid-Afrika begin om "wit mense" in ons land in te bring. Hulle was die sogenoemde "arm Blankes", en so het hulle ons gronde in besit geneem onder enige ooreenkoms. Die Suid Afrikaanse Regering was hulle behulpsaam met die oprifting van bakens, en later het hulle dan begin om "hulle gronde te omhein." Die !Ama-volk is sodoeende vanaf hulle wettige gronde verdryf, en is hulle geplans op die sogenoemde Reservate, en was hulle beperk om net 25 bokke aan te hou, deur die betrokke regering. Deur die jare kon die !Ama-volk nooit n bestaan maak met hierdie 25 bokke, wat op hulle afgedwing was, en het hulle dan meer agteruit gegaan. Met verloop van tyd, in die sestiger jare, is die Odendaal plase geklop deur die Regering. Selfs hier kon ons mense nooit n lewensbestaan voer nie, want op een van hierdie plasasit tot sewe (7) huisgesium, waar ons mekaar vertrap, en waar boerdery nooit kan voortgeen nie. In 1988 het sekere mense van die !Ama-volk nog bokke in Bethanien, die dorp self gehad, en hulle is deur die R.B.O. (Dorpsbestuur) beveel om hulle bokke uit die dorp te neem na die tuisland, dit is ook nie later toegelaat nie, omdat hierdie mense geen grond gehad het in die Kommunale gebiede nie, en moes hulle noodgedwonge op bevel van die R.B.O. hulle bokke verkoop.

Die belofte was dat hulle na 2 jaar hulle diere kon terug bring, wat toe nooit plaasgevind het nie. Dit is algemeen bekend dat die gronde van die !Ama-volk strek vanaf Bethanien tot in Luderitz met sy eilande ingesluit. Vroeg in die sestiger jare het van die !Ama-volk nog met vee in Aus gesit, en waar die Regering hierdie mense op treintrekke geland het, en hulle geneem na Gibeon.

2/...

Dieselfde het in daardie jare gebeur met die Bondelswarts. Sommige mense op Aus het geweier om te trek, maar is later onder dwang van die Apartheideregering na die Kommunale gebiede gebring, onder sogenoemde wetgewings. Die mense van Aus verlang om terug te kom na hulle wettige gronde op Aus en Kanus. Agbare <sup>First</sup> Minister, ons het ons Vryheid en Onafhanklikheid gekry, daarom pleit ons by ons regering om ons gronde aan ons terug te besorg, sodat ons n lewensbestaan kan mark vir ons en ons nageslag, en sou ons dink aan ons toekoms en wil ons hierdeur ons regering dien.

Ons vetreue in ons regering gestel met selfs die gesprekke wat sou plaasvind in Junie, rakende grondkwessie. Ons hoop en vertrou dat die Regering iets aan hierdie saak sal doen, om sedoende weer opnuut vrede in die !Ama-volk te bring. Hulle sien op na hulle Regering en hulle weet dat hulle regering hulle sal bystaan in hierdie saak.

Ek dank u Agbare Minister Heusiku, /Eerste Minister

*H. K. L. S.*